basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**2018**

**NASIENRIGLYNE**

**VRYSTAAT**

**PUNTE: 120**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 23 bladsye.**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.

5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

## VRAAG 1: ARTIKEL

## TEKS A

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.1 | buitengewone | 1 | 3 |
| 1.2 | jaarliks | 1 | 2 |
| 1.3.1 | Vic Clapham | 1 | 1 |
| 1.3.2 | Hy wou soldate wat (in die Eerste Wêreldoorlog) gesterf het, herdenk. | 1 | 1 |
| 1.4 | • Hulle moet dit binne 12 uur voltooi.<br>• Hulle moet dit binne 'n sekere tyd voltooi.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| 1.5.1 | • KwaZulu-Natal<br>• KZN<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 1.5.2 | • Cowie's Hill<br>• Polly Shortts<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 1.6.1 | Durban | 1 | 3 |
| 1.6.2 | Pietermaritzburg | 1 | 3 |
| 1.7 | figuurlike | 1 | 3 |
| 1.8 | • B<br>• fiks<br>• B fiks<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 1.9 | • 16<br>• Sestien<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| 1.10 | • Die Comrades begin met die **nagemaakte kraai** van 'n hoenderhaan.✓<br>• Ander marathons begin met **'n skoot** wat klap. ✓<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde.)<br>(*Kandidaat moet die VERSKIL aandui*). | 1<br><br>1 | 2<br><br>2 |
| 1.11 | • (In 1975 is) die Comrades vir alle atlete oopgestel.<br>• (Van 1975 af) kon mense van albei geslagte (aan die Comrades) deelneem.<br>• (Van 1975 af) kon mense van alle rasse (aan die Comrades) deelneem.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.12.1 | • C<br>• ... het die eerste Comrades gewen.<br>• C ... het die eerste Comrades gewen.<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| 1.12.2 | • E<br>• ... het bewys dat mense tot op 'n hoë ouderdom aan die Comrades kan deelneem.<br>• E ... het bewys dat mense tot op 'n hoë ouderdom aan die Comrades kan deelneem.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 1.12.3 | • A<br>• ... was die eerste swart wenner van die Comrades.<br>• A ... was die eerste swart wenner van die Comrades.<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| 1.12.4 | • D<br>• ... het 'n bestaande rekord verbeter.<br>• D ... het 'n bestaande rekord verbeter.<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| 1.13 | • Hy was die oudste persoon wat die Comrades voltooi het.<br>• Hy is 'n (Comrades) legende.<br>• Hy het self baie Comrades marathons gewen.<br>• Hy het 'n goeie voorbeeld vir ander gestel.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| 1.14 | Ja.<br>• Die atlete werk hard daarvoor.<br>• Dit is 'n risiko/gevaarlik om so ver te hardloop.<br>• Vir party atlete is dit hulle inkomste.<br>• Dit is 'n baie moeilike wedloop.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br><br>OF<br><br>Nee<br>• Dit stem nie ooreen met die gees van die Comrades nie.<br>• Dit is nie die rede waarom die Comrades begin is nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| 1.15.1 | • teleurgesteld/hartseer<br>• moedeloos<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.15.2 | • teleurgesteld/hartseer - ek het baie hard geoefen en het steeds misluk.<br>• moedeloos/radeloos - ek sou nie weet wat ek nog kan doen om suksesvol te wees nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk)<br>*(Die motivering moet pas by die gevoel wat die kandidaat in 1.15.1 neergeskryf het)* | 1 | 5 |
| 1.16 | • Mense moet mekaar help/ondersteun.<br>• Jy word 'n beter mens as jy ander help.<br>• Die lewe gaan nie net oor geld/wen nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 4 |
| | **SUBTOTAAL:** | **24** | |

**TEKS B: VISUELE TEKS**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.17 | om (by familie en vriende) te kuier | 1 | 3 |
| 1.18 | sport | 1 | 3 |
| 1.19 | • geld/rande/rand en sent<br>• besigheid/hulle werk<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| 1.20 | • Die grafiek handel oor redes waarom Suid-Afrikaners/mense reis.<br>• Mense reis met hulle motors.<br>• Mense vat hulle bagasie saam as hulle reis.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| 1.21 | • D<br>• te verduidelik waarom Suid-Afrikaners reis.<br>• D te verduidelik waarom Suid-Afrikaners reis.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 1.22 | • 'n Mens sukkel nie met woordeskat/moeilike woorde nie.<br>• Die prentjies help jou om beter te verstaan.<br>• Daar is nie baie woorde om te lees nie.<br>• 'n Mens sien sommer dadelik waaroor die kern van die teks handel.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| | | | **SUBTOTAAL: 6** |
| | | | **TOTAAL AFDELING A: 30** |

## AFDELING B: OPSOMMING

## NASIEN VAN DIE OPSOMMING

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- **Tel van woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 65 woorde en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

## VRAAG 2: SÓ MAAK JY AS JY EERSTE BY 'N ONGELUK STILHOU

[Verwerk uit *Huisgenoot.com*]

| | TEKS | VERWAGTE ANTWOORDE |
|---|---|---|
| 1. | Hier is SEWE dinge wat jy moet doen as jy eerste by 'n ongeluk stilhou en sien dat daar mense beseer is. | |
| 2. | Jou **eie veiligheid** is belangrik as jy beseerde mense by 'n ongeluk wil help. Moenie onverskillig wees nie. Parkeer jou motor op 'n veilige plek met die hoofligte aan. | Jy moet heel eerste jou eie veiligheid verseker./Jy moet heel eerste sorg dat jy veilig is.<br>OF<br>Jy moet op 'n veilige plek parkeer met jou hoofligte aan. |
| 3. | Daar kan motors verbyjaag of petrol kan uitlek en brand. **Maak dus die ongelukstoneel veilig.** Plaas **waarskuwingsdriehoeke** 'n entjie van die ongeluk af om motoriste te waarsku. | Jy moet die ongelukstoneel veilig maak.<br>OF<br>Waarsku motoriste met waarskuwings-driehoeke 'n entjie van die ongelukstoneel af. |
| 4. | **Bel 'n ambulans** vir hulp. Die ambulansman moet weet waar die ongeluk gebeur het. Hy moet ook weet hoeveel mense ernstig beseer is. | Jy moet die ambulans bel (om te kom help/vir hulp.)<br>OF<br>Jy moet 'n ambulans laat weet waar die ongeluk plaasgevind het en hoeveel mense ernstig beseer is. |
| 5. | Die warm son kan beseerdes ongemaklik laat voel. Hulle sal ook onrustig wees as hulle nie weet dat hulp op pad is nie. **Hou** beseerdes **dus kalm en gemaklik** terwyl julle vir hulp wag. | Jy moet die beseerdes kalm en gemaklik hou.<br>OF<br>Jy moet die beseerdes kalm/gemaklik hou/uit die son/hou. |
| 6. | Dalk is die motor in diep water of daar is brandstof wat uitlek. Net dán mag jy **ernstig beseerde persone skuif**. Jy sal verdere beserings veroorsaak as jy 'n persoon met rug- of nekbeserings skuif. | Jy moenie ernstig beseerdes skuif nie.<br>OF<br>Jy mag ernstige beseerdes net skuif as hulle lewens in gevaar is./Jy mag ernstig beseerdes net skuif as brandstof lek of as die motor in diep water is. |
| 7. | Mense wat geskok is, sal bewe of kla van naarheid. **Hou hulle koel met hul bene effens in die lug**. | Mense wat geskok is, moet koel gehou word met hul bene gelig. |
| 8. | Swaar bloeding kan 'n persoon se dood veroorsaak. Jy moet die **wond** met 'n skoon handdoek of kledingstuk **toedruk**. | As iemand kwaai bloei, moet jy die wond (met 'n skoon handdoek of kledingstuk) toedruk. |
| | **GETAL WOORDE = 200 woorde ( ± 200 woorde – Disjunktief)** | **GETAL WOORDE = 61 woorde (50–60/65 maksimum)** |
| | | **TOTAAL AFDELING B: 10** |

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

1. Spelling:

   - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
   - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
   - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.

2. Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.

3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is, by 'n meervoudigekeuse-vraag.

| VRAAG 3: ADVERTENSIE | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 3.1 | • Is jy dors?<br>• Wie is dors?<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 3.2 | lekkerste | 1 | 3 |
| 3.3 | propvol | 1 | 2 |
| 3.4 | <u>Jy</u> moet dit yskoud bedien. | 1 | 3 |
| 3.5 | • !<br>• Uitroepteken<br>(Enige EEN) | 1 | 4 |
| 3.6 | • A<br>• stereotipering.<br>• A stereotipering.<br>(Enige EEN) | 1 | 5 |
| 3.7 | Mening<br><br>• Dit is die adverteerder se opinie.<br>• Nie almal stem met die adverteerder saam nie.<br>• Daar is nie bewyse dat ander appelsap nie lekkerder/ beter/gesonder is nie.<br>• Daar kan dalk ander appelsappe wees wat lekkerder/ beter/gesonder is.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| 3.8 | • Daar is 'n (geskilde) appel op die bottel.<br>• Daar is appels/gesnyde appels langs die bottel.<br>• Daar is vars appels in die prent.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan die bogenoemde) | 1 | 6 |
| 3.9 | • Die advertensie handel oor appels.<br>• Dit versterk die leser se idee waaroor die advertensie gaan.<br>• Dit vestig die leser se aandag op dit waaroor die advertensie gaan.<br>• Dit rond die advertensie beter/op 'n interessante manier af.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 6 |
| 3.10 | • D<br>• te oorreed om Langkloof Appelsap te koop.<br>• D te oorreed om Langkloof Appelsap te koop.<br>(Enige EEN) | 1 | 5 |
| | | | **TOTAAL: 10** |

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 4.1 | • Daar is 'n bed/beddegoed.<br>• Daar is 'n klerekas.<br>• Daar is slaapkamermeubels.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| 4.2 | meer | 1 | 6 |
| 4.3 | Pa sê dat hulle besluit **het** om **hom** nie meer universiteit toe te stuur nie.<br>*(Die hele sin moet korrek wees vir die punt)* | 1 | 3 |
| 4.4 | maandeliks | 1 | 3 |
| 4.5 | • A<br>• verras<br>• A verras<br>(Enige EEN) | 1 | 6 |
| 4.6 | • Sy kasdeure hang oop.<br>• Sy kouse lê rond.<br>• Sy skoene lê sommer voor sy bed.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| 4.7 | • Regtig/REGTIG<br>• Rêrig/RÊRIG<br>• Werklik/WERKLIK<br>• Sowaar/SOWAAR<br>• Wragtag/WRAGTAG<br>• Wragtig/WRAGTIG<br>• Wraggies/WRAGGIES<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 4.8 | gestrykte/gestrykde | 1 | 3 |
| 4.9 | matjie | 1 | 2 |
| 4.10 | Die jongman se ouers **was** ernstig oor die saak. | 1 | 3 |
| | | | **TOTAAL: 10** |

| VRAAG 5.1: LEESTEKS | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 5.1.1 | mens | 1 | 3 |
| 5.1.2 | jou | 1 | 2 |
| 5.1.3 | **om** van ander mense **te** skinder<br>*(Kandidate hoef nie die hele sin uit te skryf nie, maar die gedeelte met die infinitief moet heeltemal korrek wees om die punt te verdien.)* | 1 | 3 |
| 5.1.4 | Jy moet altyd vriendelik wees. | 1 | 3 |
| 5.1.5 | nie | 1 | 2 |
| 5.1.6 | be – lang – stel<br>*(Kandidate kan lettergreepverdeling op enige aanvaarbare wyse aandui.)* | 1 | 3 |
| 5.1.7 | vir | 1 | 1 |
| 5.1.8 | meeste | 1 | 3 |
| 5.1.9 | Mense sal jou vermy as jy onbeskof is. | 1 | 3 |
| 5.1.10 | help | 1 | 2 |
| 5.1.11 | woord**e** | 1 | 1 |
| 5.1.12 | oneerlik<br>(*Die antoniem moet in die konteks pas*). | 1 | 2 |
| 5.1.13 | lei | 1 | 2 |
| 5.1.14 | Die **by** het my gesteek. (insek)<br>*(Enige sin waar die ander betekenis van die woord duidelik is)* | 1 | 3 |
| | | | **SUBTOTAAL: 14** |

| VRAAG 5.2: PRENT | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **VLAK** |
| 5.2.1 | provinsies | 1 | 1 |
| 5.2.2 | groter | 1 | 4 |
| 5.2.3 | tradisionele | 1 | 3 |
| 5.2.4 | diamante | 1 | 1 |
| 5.2.5 | olifante | 1 | 1 |
| 5.2.6 | Tafelberg | 1 | 2 |
| | | | **SUBTOTAAL: 6** |
| | | | **TOTAAL AFDELING C: 40** |

## AFDELING D: LETTERKUNDE

## VRAAG 6: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

## VERHAAL A: "DIE OOREENKOMS" – Dalene Matthee

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 6.1 | Rusoord | 1 | 1 |
| 6.2 | 'n Teken gee/spook<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| 6.3 | goeie vriende | 1 | 3 |
| 6.4.1 | • C<br>• ... was kort en saaklik oor Willem se dood.<br>• C ... was kort en saaklik oor Willem se dood.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.4.2 | • E<br>• ... moes seker maak dat alle kamers ten volle bewoon is.<br>• E ... moes seker maak dat alle kamers ten volle bewoon is.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.4.3 | • B<br>• ... was ontroosbaar oor Willem se dood.<br>• B ... was ontroosbaar oor Willem se dood.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.4.4 | • A<br>• ... was simpatiek en het probeer help.<br>• A ... was simpatiek en het probeer help.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.5 | • Hy het die lig die hele nag aangehad/laat brand.<br>• Hy het die Onse Vader opgesê/gebid.<br>• Hy het tot baie laat in die nag televisie gekyk/in die televisiekamer gebly.<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 1 |
| 6.6 | beklemtoon | 1 | 5 |
| 6.7 | • A<br>• 'n vergelyking.<br>• A 'n vergelyking.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.8 | Ja<br>• Iemand anders kon dalk vir hom raad gee om sy vrees beter te hanteer.<br>• 'n Ander persoon kon dalk vir hom verduidelik het dat sy vrees ongegrond is.<br>• Die feit dat hy met iemand anders daaroor kon praat, sou hom waarskynlik beter laat voel het.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br><br>OF<br><br>Nee<br>• Om daaroor te praat, sou nie regtig sy bang/vrees wegvat nie.<br>• Iemand anders sou nie noodwendig sy vrees verstaan het nie.<br>• Iemand wat nie sy vrees verstaan het nie, sou nie regtig vir hom raad kon gee nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| 6.9 | Jakob en Willem het self so besluit (om elke aand om halfses/voor ete whisky te drink).<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| 6.10 | • Willem het nie dadelik vir Jakob die teken kom gee nie.<br>• Jakob het getwyfel of daar enige lewe na die dood is.<br>• Toe Jakob vroeër as gewoonlik sy whisky wou drink, wou die bottel nie oopmaak nie.<br>• Toe Willem se horlosie halfses slaan, het die bottel gewoonweg oopgedraai. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| 6.11 | • Willem het die ooreenkoms nagekom.<br>• Willem het die teken kom gee soos hy en Jakob ooreengekom het.<br>• Willem het gedoen wat hy en Jakob gesê het hulle sou doen.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| 6.12 | • Alles wat in hierdie kortverhaal gebeur, het met die ooreenkoms tussen Jakob en Willem te doen.<br>• Die hele kortverhaal hou verband met die ooreenkoms (die titel).<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| 6.13 | • B<br>• integriteit.<br>• B integriteit.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | | **[20]** | |

**VERHAAL B: "DIE RAMP" – TT Cloete**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 6.14 | • Die vrou was te siek (om met die motor te ry).<br>• Die vrou sou per vliegtuig teruggaan huis toe.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| 6.15 | • B<br>• Die verteller was verplig om langs die pad te stop.<br>• B Die verteller was verplig om langs die pad te stop .<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.16 | gerusstel | 1 | 3 |
| 6.17 | • Hy het vir die siek kind aspirine gegee.<br>• Hy het die insleepmotor (op Humansdorp) gaan haal.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1<br>1 | 1<br>1 |
| 6.18 | haastig | 1 | 3 |
| 6.19.1 | • C<br>• ... het nie gedink dat soveel rampe hom kon tref nie.<br>• C ... het nie gedink dat soveel rampe hom kon tref nie.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.19.2 | • D<br>• ... het gekies om iemand anders te help.<br>• D ... het gekies om iemand anders te help.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.19.3 | • B<br>• ... het nie 'n keuse gehad nie en moes maar net help.<br>• B ... het nie 'n keuse gehad nie en moes maar net help.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.19.4 | • E<br>• ... het met tye onverantwoordelik opgetree.<br>• E ... het met tye onverantwoordelik opgetree.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 6.20 | Port Elizabeth | 1 | 1 |
| 6.21 | • Die verteller het die weldoener se bril per ongeluk afgestamp.<br>• Die weldoener se bril het in stukkies gebreek.<br>• Die weldoener het in die Van Stadenspas verongeluk.<br>• Die verteller het besef dat die weldoener nie sonder sy bril kon bestuur nie. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| 6.22 | (Die verteller wou die weldoener betaal, maar) die weldoener wou nie die geld aanvaar nie.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.23 | • A<br>• dood van die weldoener.<br>• A dood van die weldoener.<br>(Enige EEN) | 1 | 5 |
| 6.24 | Die verteller het nie ...<br>• genoeg aspirine/medisyne in die motor gehad nie.<br>• 'n flits in die motor gehad nie.<br>• reënjasse vir hom en die kinders gehad nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| 6.25 | Ek sou ...<br>• geduldig in die motor gewag het totdat iemand wel stop.<br>• dadelik 'n noodnommer geskakel het.<br>• alleen in die reën gestaan het.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| 6.26 | Ja.<br>• Mense moet mekaar in alle omstandighede probeer help.<br>• Daardie tyd was dit nie so onveilig vir mense om langs die pad stil te hou om vreemde mense te help nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br><br>OF<br><br>Nee.<br>• 'n Mens weet nooit of diegene by wie jy stop om te help werklik 'n probleem het nie.<br>• Dit is altyd 'n risiko om by vreemdes te stop/vreemdes te help.<br>• Dit kan gevaarlik wees om (in die nag) by vreemdes te stop.<br>• Die weldoener moes eerste aan sy eie gesin gedink het.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | **[20]** | |

**VERHAAL A: "TANT NELIE SE VEERPLUIME" – Henriette Grové**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 7.1 | • B<br>• 'n vergelyking.<br>• B 'n vergelyking.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.2 | In 'n kis/haar slaapkamer | 1 | 1 |
| 7.3 | Peet het probeer om ...<br>• die resep by tant Nelie te koop.<br>• sy ma te oorreed om met tant Nelie te gaan praat.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1<br>1 | 1<br>1 |
| 7.4 | • Peet het vir haar gevra om iets verkeerds te doen.<br>• Peet het net aan homself en Kittie gedink.<br>• Peet het nie geskroom om iets te steel wat jare lank aan die Marés behoort het nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| 7.5 | manipuleer | 1 | 3 |
| 7.6.1 | • D<br>• … se oë het betyds oopgegaan vir die waarheid.<br>• D … se oë het betyds oopgegaan vir die waarheid.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.6.2 | • E<br>• … sou ander mense ten alle koste help.<br>• E … sou ander mense ten alle koste help.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.6.3 | • A<br>• … was trots, maar nie baie vriendelik nie.<br>• A … was trots, maar nie baie vriendelik nie.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.6.4 | • C<br>• … het mense misbruik om 'n doel te bereik.<br>• C … het mense misbruik om 'n doel te bereik.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.7 | Tant Nelie was by die byeenkoms van die Susters. | 1 | 1 |
| 7.8 | Tant Nelie ...<br>• was geskok om Peet en Ursula sonder haar toestemming in haar kamer te kry.<br>• kon nie glo wat sy gesien het nie.<br>• was teleurgesteld in Peet en Ursula.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.9 | (Nadat tant Nelie vir Peet en Ursula betrap het terwyl hulle die resep steel), het sy gesê dat Peet dit maar kon hou/vir Kittie gee.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| 7.10 | • Kittie was baie bly oor tant Nelie se resep.<br>• Peet het vir Kittie 'n groot vuur gemaak om die veerpluime te bak.<br>• Kittie se veerpluime het perfek gelyk.<br>• Peet het Kittie raakgesien vir wie sy werklik was. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| 7.11 | • A<br>• Liefde behoort nie gekoop te word nie.<br>• A Liefde behoort nie gekoop te word nie.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.12 | Ja.<br>• Dit is altyd verkeerd om iemand anders se goed te steel.<br>• Tant Nelie het dit vir Ursula gebêre.<br>• Dit was 'n familieresepteboek.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br><br>OF<br><br>Nee.<br>• Peet was bereid om dit op eerlike wyse van tant Nelie te koop, maar sy het geweier.<br>• Ursula het saamgestem dat dit die enigste manier was om die boek in die hande te kry.<br>• Kittie sou dan met Peet getrou het.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| 7.13 | Aan die einde van die verhaal het Peet ...<br>• vir Kittie gesê dat dit wat hy gedoen het, nie die moeite werd was nie.<br>• besef dat Kittie hom verkeerde dinge laat doen het.<br>• besef dat hy nie met Kittie wou trou nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| | | **[20]** | |

**VERHAAL B: "OPGANG" – Ina Rousseau**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 7.14 | Lukas | 1 | 1 |
| 7.15 | verrassing | 1 | 3 |
| 7.16 | • Hannetjie het nog nooit haar eie masjien gehad nie./Dit was haar eerste masjien.<br>• Daar was baie naaldwerk wat sy met die masjien kon/wou doen.<br>• Sy sou nou nie meer nodig gehad het om Lot se masjien te gebruik nie.<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 1 |
| 7.17 | • C<br>• waarskuwing<br>• C waarskuwing<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.18.1 | • C<br>• "Kan ek 'n lappie gaan haal en voel hoe stik hy?"<br>• C "Kan ek 'n lappie gaan haal en voel hoe stik hy?"<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.18.2 | • D<br>• "Die kinders sê jy't 'n masjien gekry!"<br>• D "Die kinders sê jy't 'n masjien gekry!"<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.18.3 | • A<br>• "'n Vrou sonder 'n masjien is 'n onding."<br>• A "'n Vrou sonder 'n masjien is 'n onding."<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.18.4 | • E<br>• "Maar jy moet versigtig werk met sy armpie en spoeletjie en naaldjie en tandjies."<br>• E "Maar jy moet versigtig werk met sy armpie en spoeletjie en naaldjie en tandjies."<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.19 | Drien en Meisie het ...<br>• dadelik na die nuwe masjien kom kyk.<br>• het net goeie dinge van die nuwe masjien gesê.<br>• vir Hannetjie gesê dat hulle jaloers op haar is.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| 7.20 | • Lot<br>• Charlotte<br>• Hannetjie se skoonsuster<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.21 | • Hannetjie het jare lank Lot se masjien gebruik om haar naaldwerk te doen.<br>• Hannetjie se man het vir haar 'n splinternuwe masjien gekoop.<br>• Hannetjie het haar masjien vir die ander vrouens gewys.<br>• Hannetjie het vir Lot toegelaat om haar masjien te gebruik. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| 7.22 | • C<br>• vooruitgang.<br>• C vooruitgang.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 7.23 | Ja<br>• As jy jou eie masjien het, is jy onafhanklik/hoef jy nie iemand anders se hulp te vra nie.<br>• As jy tussen ander mense woon en werk wat waarde heg aan 'n naaimasjien, maak dit jou aanvaarbaar vir hulle (as jy ook 'n masjien het).<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br>OF<br>Nee<br>• Materiële dinge/iets soos 'n naaimasjien bepaal nie jou waarde as 'n mens nie.<br>• Iets soos 'n masjien kan jou lewe makliker maak, maar maak nie van jou 'n beter mens nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| 7.24 | • Hannetjie se man het gedoen wat hy homself jare lank voorgeneem het om te doen/wou nog altyd vir haar 'n masjien koop.<br>• Hannetjie se man het vir haar die masjien gekoop omdat hy geweet het dit haar gelukkig sou maak/haar belange in ag geneem het.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| 7.25 | • Dit was die regte ding om te doen, want Lot het Hannetjie jare lank toegelaat om haar masjien te gebruik.<br>• Mense moet mekaar help as hulle kan.<br>• Mense moenie selfsugtig wees nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| 7.26 | • Hulle sal dan aanhou om op jou hulp staat te maak.<br>• Hulle leer nie om hulleself te help nie.<br>• Hulle verwag dat jy hulle elke keer sal help.<br>• Hulle waardeer nie altyd wat jy vir hulle doen nie.<br>• As jy mense kans gee om hulleself te help, kry hulle weer vertroue in hulleself.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| | | **[20]** | |

## VRAAG 8: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 8.1 | Silwerkloof (stalle) | 1 | 1 |
| 8.2 | • C<br>• plaas die leser dadelik in die plek waar die drama afspeel.<br>• C plaas die leser dadelik in die plek waar die drama afspeel.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 8.3 | • Haar ma was (altyd) baie besig.<br>• Haar ma het nie tyd vir Binki gehad nie.<br>• Haar ma het baie hard gewerk/het haar eie besigheid gehad.<br>• Haar ma het baie vriende gehad wat haar besig gehou het.<br>• Haar ma was dikwels oorsee.<br>• Haar ouers was geskei.<br>• Haar ma het vir haar gegril.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| 8.4.1 | Hy het katjies verdrink.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| 8.4.2 | • 100 (uur)<br>• honderd (uur)<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 8.5 | negatief | 1 | 3 |
| 8.6 | Dat sy (nog steeds) bang/skrikkerig (vir die perde) was.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| 8.7 | **Lady Jane** het onrustig rondgetrap ✓ omdat **Binki** huiwerig was om haar te borsel. ✓<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde)<br>*(Die kandidaat moet in sy/haar antwoord verwys na iets wat Binki gedoen het en Lady Jane se reaksie daarop)* | 2 | 4 |
| 8.8 | Sabrina wil nie "Ma" genoem word nie, want ...<br>• haar vriende lag vir haar as sy "Ma" genoem word.<br>• "Ma" laat haar oud voel.<br>• haar werknemers sou haar nie respekteer as sy "Ma" genoem word nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| 8.9 | Lucky het ...<br>• sy eie selnommer (op Binki se foon) ingetik.<br>• Sabrina na "Ma" verander.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8.10 | Nee<br>• Lucky het nie Binki se toestemming gevra om dit te mag doen nie./Lucky het geen reg gehad om dit te doen nie.<br>• Binki se selfoon is haar persoonlike besitting.<br>• Dit is elke mens se keuse om te besluit wie jy op jou kontaklys wil hê.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br><br>OF<br><br>Ja<br>• Hy het jammer vir Binki gevoel.<br>• Hy wou wys hy is haar vriend.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| 8.11 | min | 1 | 3 |
| 8.12 | Wilma het (oor-en-oor/aanhoudend) vir Binki gevra om haar (net) Wilma te noem/nie "Tannie Wilma" te noem nie.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| 8.13 | • Lucky praat nie suiwer/korrekte Afrikaans nie.<br>• Dit is hoe Lucky praat.<br>• Dit pas by Lucky se karakter in die drama.<br>• Dit maak die drama eg/geloofwaardig/werklik.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| 8.14.1 | • D<br>• ... se naam het nie regtig gepas nie.<br>• D ... se naam het nie regtig gepas nie.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 8.14.2 | • C<br>• ... was kalm en mooi om na te kyk.<br>• C ... was kalm en mooi om na te kyk.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 8.14.3 | • E<br>• ... was groot en trots, nes 'n koninklike.<br>• E ... was groot en trots, nes 'n koninklike.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 8.14.4 | • A<br>• ... was oulik en spelerig.<br>• A ... was oulik en spelerig.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 8.15 | (Wilma het vertel) wat miskruiers (met mis) doen.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8.16 | • Lucky het nie meer sulke kru taal/vloekwoorde/lelike taal gebruik nie.<br>• Lucky het probeer om nie kru te praat nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| 8.17 | • D<br>• stereotipering.<br>• D stereotipering.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 8.18 | omstandighede nie dieselfde was nie. | 1 | 3 |
| 8.19 | • D<br>• sarkasties<br>• D sarkasties<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 8.20 | ryk varke/stinkrykes<br>(Enige EEN) | 1 | 4 |
| 8.21 | • Binki se hondjie/Dukie is in die brand dood.<br>• Binki het ernstige brandwonde opgedoen/is ernstig beseer.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 2 |
| 8.22.1 | (Binki/Sy was skaam vir) die letsels/merke/littekens/"scars" (van die brandwonde).<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| 8.22.2 | Sy het altyd bloese/klere met lang moue gedra.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 1 |
| 8.23 | figuurlike | 1 | 3 |
| 8.24 | • Lucky se ma het vir hom 'n koerantberig gewys van haar werkgewer en haar katte.<br>• Lucky het uitgereken dat die katte soveel kos as wat sy ma in twee maande by hulle verdien.<br>• Lucky moes eendag vir sy ma in haar werkgewer se tuin gaan wag.<br>• Lucky het die ses katjies in die visdam gaan verdrink. | 1<br>1<br>1<br>1 | 2<br>2<br>2<br>2 |
| 8.25 | Aan die einde van die drama ...<br>• trek Binki haar bloes uit/hardloop sy met kaal arms/is sy nie meer skaam dat ander mense haar arms sien nie.<br>• is Binki nie meer stil en teruggetrokke nie (maar hardloop sy ligvoets).<br>• is Binki nie meer bang vir die perde nie.<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)<br><br>***LW:*** *By die eerste twee kolkarakters kan die kandidaat die feit (dat Binki mouloos hardloop) noem OF wat ons daaruit kan aflei (dat sy nie meer selfbewus is nie).* | 2 | 5 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8.26 | • D<br>• daar harmonie en begrip vir mekaar is.<br>• D daar harmonie en begrip vir mekaar is.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 8.27 | te help | 1 | 4 |
| 8.28 | • Jy moenie sommer net goed sê as jy nie weet wat regtig aangaan nie.<br>• Moenie mense oordeel as jy nie die situasie ken nie.<br>• Moenie veralgemeen nie/aannames maak nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | **[40]** | |

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou